# Die evangelie volgens

# MARKUS




Ontvangers en gestuurdes van
DIE EVANGELIE
Markus 6:1-13


Fees van die
DOOD
Markus 6:14-29

14 Koning Herodes het van Jesus gehoor, want sy
Naam het bekend geraak. Party mense het
gesê: "Johannes die Doper is uit die dood
opgewek. Daarom werk die kragte in hom."
15 En party het gesê: "Dit is Elia."
Ander het gesê: "Hy is 'n profeet soos een van
die ou profete." 16 Toe Herodes dit dan hoor, het
hy gesê: "Die Johannes wat ek onthoof het, is uit
die dood opgewek."

MARKUS 6:14-29

17Vroeër het Herodes self gestuur en Johannes
laat vang. Hy het hom in die tronk opgesluit op
aandrang van Herodias die vrou van sy broer
Filippus. Herodes het met haar getrou, 18en
Johannes het vir hom gesê: "U mag nie u broer
se vrou vat nie."
19Herodias het daarna 'n wrok teen hom
gekoester en wou hom laat doodmaak, maar sy
kon nie,

MARKUS 6:14-29

Herodus die Grote

Aretas IV – Nabatea

Herodus Antipas & 1ste vrou

Filippus & Herodias

Salome



17 Vroeër het Herodes self gestuur en Johannes
laat vang. Hy het hom in die tronk opgesluit op
aandrang van Herodias die vrou van sy broer
Filippus. Herodes het met haar getrou, 18 en
Johannes het vir hom gesê: "U mag nie u broer
se vrou vat nie."
19 Herodias het daarna 'n wrok teen hom
gekoester en wou hom laat doodmaak, maar sy
kon nie,

MARKUS 6:14-29



20 want Herodes was bang vir Johannes omdat
hy besef het dat hy 'n opregte en godvresende
man is. Hy het vir Johannes onder sy
beskerming geneem en elke keer wanneer hy
hom aangehoor het, het hy in 'n ernstige
tweestryd geraak. Tog het hy graag na hom
geluister.
21 Op 'n dag het Herodias 'n goeie kans gekry.

MARKUS 6:14-29

Toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy
hoofamptenare en die opperbevelhebbers en
die hoëlui van Galilea 'n feesmaal gegee het,
22 het die dogter van Herodias daar ingekom en
vir hulle gedans. Dit het groot byval by Herodes
en sy gaste gevind. Die koning het toe vir die
meisie gesê: "Vra my net wat jy wil hê, en ek sal
dit vir jou gee."

MARKUS 6:14-29

23 Daarby het hy dit herhaaldelik met 'n eed vir
haar bevestig: "Net wat jy my vra, sal ek vir jou
gee, tot selfs die helfte van my koninkryk."
24 Sy het toe uitgegaan en vir haar ma gesê:
"Wat moet ek vra?" Dié het gesê: "Die kop van
Johannes die Doper." 25 Sy het haastig reguit na
die koning toe geloop en vir hom gevra: "Ek wil
hê u moet vir my dadelik in 'n skottel die kop
gee van Johannes die Doper."

MARKUS 6:14-29



26Die koning was baie verslae, maar omdat
hy dit voor die gaste met 'n eed belowe het,
wou hy haar dit nie weier nie. 27Hy het
dadelik iemand van sy lyfwag opdrag
gegee en hom gestuur om Johannes se kop
te gaan haal. Hy het hom in die tronk gaan
onthoof,

MARKUS 6:14-29

28sy kop in 'n skottel gebring en dit vir die
meisie gegee, en die meisie het dit vir haar
ma gegee.
29Toe Johannes se volgelinge daarvan hoor,
het hulle gekom en sy lyk weggeneem en
begrawe.

MARKUS 6:14-29

Johannes die

# VOORLOPER



# JESUS
## die voorloper




Fees van die
DOOD
Markus 6:14-29